

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Thursday 16 October 1975 WINDHOEK Donderdag 16 Oktober 1975 No. 3496

CONTENTS

INHOUD

Page

Bladsy

GOVERNMENT NOTICE:

No. 297 Ordinance, 1975: Promulgation of 1671

GOEWERMENSKENNISGEWING:

Ordonnansie, 1975: Uitvaardiging van 1671

Government Notice

Goewermentskennisgewing

The following Government Notice is published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 297] [16 October 1975

ORDINANCE, 1975: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:

No.	Title	Page
18	Roads Amendment Ordinance, 1975	1672

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 297] [16 Oktober 1975

ORDONNANSIE 1975: UITVAARDIGING VAN

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:

No.	Titel	Bladsy
18	Wysigingsordonnansie op Paaie, 1975	1673

No. 18 of 1975.]

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

*(Assented to 7 October 1975).
(Afrikaans text signed by the Administrator.)
(Date of commencement 16 October 1975.)*

ORDINANCE

To amend the Roads Ordinance, 1972, so as to correct a versional error in the Afrikaans text of the definition of "minor road"; to amend the texts of sections 1A and 34; to further regulate the representation of a person allowed by the chairman of a board to state his interest in any matter under consideration by such board; to further regulate the proclaiming, classifying, closing, deviation and reopening of certain roads; to provide that no person shall, without a certain permission having been granted, construct pipelines on, across or under any proclaimed road; to further regulate the prohibition of certain infringements, obstructions and interferences in respect of any such road; to further regulate the fencing off of certain roads; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:-

Amendment of section 1 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 2 of Ordinance 22 of 1973 and section 2 of Ordinance 10 of 1974.

1. Section 1 of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972) — hereinafter referred to as the principal Ordinance — is hereby amended by the substitution, in the Afrikaans text of the definition of "minor road", for the expression "regmagtige" of the expression "regmatige".

Amendment of section 1A of Ordinance 17 of 1972, as substituted by section 3 of Ordinance 10 of 1974.

2. Section 1A of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the expression "21, 22(2), 22(3)" of the expression "20, 22".

Amendment of section 11 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 5 of Ordinance 10 of 1974.

3. Section 11 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) The chairman of a board may in his discretion allow any person having an interest in any matter under consideration by the board to state his interest in that matter to the board whether personally or represented by a duly authorised representative: Provided that where a person is allowed to state his interest in a matter under consideration by the board all other persons who have an interest in that matter shall be offered equal opportunities to state their interests in that matter to the board, as well."

No. 18 van 1975.]

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975.

(Goedgekeur 7 Oktober 1975.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

(Datum van inwerkingtreding 16 Oktober 1975.)

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Paaie, 1972, ten einde 'n teksfout in die omskrywing van "ondergeskikte pad" in artikel 1 te verbeter; om die tekste van artikel 1A en 34 te verbeter; om die verteenwoordiging van iemand wat deur die voorsitter van 'n raad toegelaat is om sy belang by 'n aangeleentheid onder oorweging deur so 'n raad te stel, verder te reël; om die proklamering, klassifisering, sluiting, verlegging en heropening van sekere paaie verder te reël; om voorsiening te maak dat niemand, tensy 'n sekere vergunning verkry is, pyleidings oor of onder 'n geproklameerde pad mag aanlê nie; om die verbod op sekere inbreuke, versperrings en bemoeiings ten opsigte van 'n sodanige pad, verder te reël; om die afkamping van sekere paaie verder te reël; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

1. Artikel 1 van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972) – hieronder die Hoofordonnansie genoem – word hierby gewysig deur in die Afrikaanse teks van die woordskrywing van "ondergeskikte pad" die uitdrukking "regmatige" deur die uitdrukking "regmatige" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 2 van Ordonnansie 22 van 1973 en artikel 2 van Ordonnansie 10 van 1974.

2. Artikel 1A van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking "21, 22(2), 22(3)" deur die uitdrukking "20, 22" te vervang.

Wysiging van artikel 1A van Ordonnansie 17 van 1972, soos vervang deur artikel 3 van Ordonnansie 10 van 1974.

3. Artikel 11 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

Wysiging van artikel 11 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 5 van Ordonnansie 10 van 1974.

"(5) Die voorsitter van 'n raad kan na goeë dunde enige persoon wat belang het by 'n aangeleentheid wat deur die raad oorweeg word, toelaat om, hetsy persoonlik of verteenwoordig deur 'n behoorlik gemagtigde verteenwoordiger sy belang by daardie aangeleentheid aan die raad te stel: Met dien verstande dat waar 'n persoon toegelaat word om sy belang by 'n aangeleentheid wat deur die raad oorweeg word, te stel, alle ander persone wat belang by daardie aangeleentheid het, gelyke geleenthede gebied moet word om ook hulle belange by daardie aangeleentheid aan die raad te stel."

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

Substitution of section 16 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 20 of Ordinance 10 of 1974.

4. The following section is hereby substituted for section 16 of the principal Ordinance:

*Applications relating to district and farm roads to be received and dealt with by board.

16. (1) Whenever -

(a) at least twelve adult persons, who are the owners, lessees or occupiers of farms in a district, or a district and one or more adjoining districts, desire -

(i) a district or farm road to be proclaimed on land where no road previously existed;

(ii) a road to be declared a proclaimed district or farm road;

(iii) an existing district or farm road to be closed or deviated;

(iv) a closed road to be reopened and declared a proclaimed district or farm road;

(v) the classification of a district or farm road to be changed; or

(b) the owner, lessee or occupier of a farm desires an existing district or farm road to be closed or deviated where it crosses such farm; or

(c) the owner, lessee or occupier of a farm which does not have a farm road or minor road providing access to a proclaimed road, desires a farm road, which will provide such access, to be proclaimed,

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975.

(No. 18 van 1975).

4. Artikel 16 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 16 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

"Aansoek met betrekking tot distriks- en plaaspad word deur raad ontvang en behandel.

16. (1) Wanneer -

(a) minstens twaalf volwasse persone, wat die eenaars, huurders of bewoners van plase in 'n distrik of 'n distrik en een of meer aangrensende distrikte is, verlang -

(i) dat 'n distriks- of plaaspad geproklameer moet word oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie;

(ii) dat 'n pad tot geproklameerde distriks of plaaspad verklaar moet word;

(iii) dat 'n bestaande distriks- of plaaspad gesluit of verlê moet word;

(iv) dat 'n geslote pad heropen en tot geproklameerde distriks- of plaaspad verklaar moet word;

(v) dat 'n distriks- of plaaspad se klassifikasie verander moet word; of

(b) die eenaar, huurder of bewoner van 'n plaas verlang dat 'n bestaande distriks- of plaaspad waar dit oor sodanige plaas loop, gesluit of verlê moet word; of

(c) die eenaar, huurder of bewoner van 'n plaas wat nie beskik oor 'n plaaspad, of ondergeskikte pad wat toegang tot 'n geproklameerde pad verleen nie, verlang dat 'n plaaspad geproklameer moet word wat sodanige toegang sal verleen,

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

he or they may apply therefor to the chairman of the board (hereinafter referred to as the chairman) in the district of which that road, or that portion of the road to which the application refers, is situated.

(2) Any application in terms of subsection (1) shall be done in writing on a form approved by the Executive Committee which will be provided by the Roads Branch, and such application shall be accompanied by -

(a) an amount determined by the Executive Committee from time to time in respect of the cost of the publication of the notice referred to in subsection (3); and

(b) a sketch of the area concerned which will be provided by the Roads Branch, and on which the road or portion thereof to which the application refers and other proclaimed roads are shown.

(3) Whenever the chairman receives an application in terms of subsection (1), it shall be made known by notice published in the *Official Gazette* and in at least one other newspaper circulating in the Territory.

(4) The chairman shall further make known the application by forwarding a copy of the notice referred to in subsection (3) to the owner, lessee or occupier of each farm which is or will be crossed by the road to which such application refers and whose address is known to him and, if such road terminates on the boundary of any farm, to the owner, lessee or occupier of the farm immediately adjacent to such road, and whose address is known to him.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975.

(No. 18 van 1975).

kan hy of hulle, daarom aansoek doen by die voorsitter van die raad (hierna die voorsitter genoem) in wie se distrik daardie pad, of daardie gedeelte van die pad, waarop die aansoek betrekking het, geleë is.

(2) Enige aansoek ingevolge subartikel (1) moet skriftelik gedoen word op 'n vorm wat deur die Uitvoerende Komitee goedgekeur is en deur die Afdeling Paaie verskaf sal word, en sodanige aansoek moet vergesel wees van -

(a) 'n bedrag wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd ten opsigte van die koste van die publikasie van die kennisgewing bedoel in subartikel (3) bepaal; en

(b) 'n skets van die betrokke streek wat deur die Afdeling Paaie voorsien word, en waarop die pad of gedeelte daarvan waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde paaie aange-
toon word.

(3) Wanneer die voorsitter 'n aansoek ingevolge subartikel (1) ontvang, word dit bekend gemaak by kennisgewing gepubliseer in die *Offisiële Koerant* en in minstens een ander nuusblad wat in die Gebied omloop.

(4) Die voorsitter moet die aansoek verder bekend maak deur 'n afskrif van die kennisgewing bedoel in subartikel (3) te stuur aan die eienaar, huurder of bewoner van elke plaas waaroor die pad waarop sodanige aansoek betrekking het, loop of sal loop en wie se adres aan hom bekend is en, indien sodanige pad op die grens van enige plaas eindig, aan die eienaar, huurder of bewoner van die plaas onmiddellik aanliggend tot sodanige pad en wie se adres aan hom bekend is

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

(5) Such notice shall command every person having any objection to the application to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the officer or person mentioned in such notice within a period of thirty days of the date mentioned in such notice.

(6) (a) Such notice shall also state the number of the sketch referred to in subsection (2)(b).

(b) A copy of such notice and sketch shall lie for inspection at the office of the Director of Roads and the local Roads Superintendent during normal office hours for the full period of thirty days referred to in subsection (5).

(7) Before the first meeting of the board to be held after the expiry of the period of thirty days referred to in subsection (5) -

(a) the Roads Branch shall submit to the chairman the sketch referred to in subsection (2)(b) (hereinafter referred to as the sketch-map), on which minor and private roads in the area in question shall then also be shown;

(b) the chairman may, if he considers it necessary, himself conduct an investigation in regard to the application and report in writing to the board thereon, or he may require another member of the board or the Roads Branch to conduct an investigation in regard to the application and report in writing to the board thereon:

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

(5) Sodanige kennisgewing moet iedereen wat enige beswaar het teen die aansoek aansê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 'n datum genoem in sodanige kennisgewing in te dien by die beampte of persoon wat in sodanige kennisgewing genoem word.

(6) (a) Sodanige kennisgewing moet ook die nommer vermeld van die skets bedoel in subartikel (2)(b).

(b) 'n Afskrif van sodanige kennisgewing en skets moet vir die volle tydperk van dertig dae bedoel in subartikel (5) by die kantoor van die Direkteur van Paaie en die plaaslike Paaie-superintendent ter insae beskikbaar wees gedurende gewone kantoorure.

(7) Voor die eerste vergadering van die raad wat gehou word na die verstryking van die tydperk van dertig dae bedoel in subartikel (5) -

(a) voorsien die Afdeling Paaie aan die voorsitter die skets bedoel in subartikel (2)(b) (hierna die sketskaart genoem), waarop die ondergeskikte en privaat-paaie in die betrokke streek dan ook aangetoon moet word;

(b) kan die voorsitter, indien hy dit nodig ag, self ondersoek instel na die aansoek en skriftelik daarvoor aan die raad verslag doen, of van 'n ander lid van die raad of die Afdeling Paaie verlang om ondersoek in te stel na die aansoek en skriftelik aan die raad daarvoor verslag te doen:

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

Provided that failure to submit the said sketch-map or to conduct the said investigation, or to submit the said report to the board before the said first meeting, shall not invalidate any proceedings of the board.”.

Substitution of section 17 of Ordinance 17 of 1972, as amended by sections 6 and 20 of Ordinance 10 of 1974.

5. The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Ordinance:

“Requests relating to district and farm roads by board.

17. (1) Whenever a board itself requests that -

- (i) a district or farm road be proclaimed on land where no road previously existed;
- (ii) a road be declared a proclaimed district or farm road;
- (iii) an existing district or farm road be closed or deviated;
- (iv) a closed road be reopened and declared a proclaimed district or farm road;
- (v) the classification of a district or farm road be changed,

the chairman shall obtain a sketch of the area concerned which will be provided by the Roads Branch, and on which the road or portion thereof to which the request refers and other proclaimed roads, are shown.

(2) Thereafter the request shall be made known by notice published in the *Official Gazette* and in at least one other newspaper circulating in the Territory.

(3) The provisions of section 16 (4), (5), (6) and (7) shall *mutatis mutandis* apply in regard to such request by the board.”.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975
(No. 18 van 1975).

Met dien verstande dat versuim om genoemde sketskaart te voorsien, of om genoemde ondersoek in te stel of om genoemde verslag aan die raad te doen voor die genoemde eerste vergadering, nie enige verrigtinge van die raad ongeldig maak nie.”.

5. Artikel 17 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 17 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikels 6 en 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

“Versoek met betrekking tot distriks- en plaaspaaië deur raad.

17. (1) Wanneer ’n raad self versoek dat -

(i) ’n distriks- of plaaspad geproklameer moet word oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie;

(ii) ’n pad tot geproklameerde distriks- of plaaspad verklaar moet word;

(iii) ’n bestaande distriks- of plaaspad gesluit of verlé moet word;

(iv) ’n geslote pad heropen en tot geproklameerde distriks- of plaaspad verklaar moet word;

(v) ’n distriks- of plaaspad se klassifikasie verander moet word,

verkry die voorsitter ’n skets van die betrokke streek wat deur die Afdeling Paaie voorsien word, en waarop die pad of gedeelte daarvan waarop die versoek betrekking het en ander geproklameerde paaie aangetoon word.

(2) Daarna word die versoek bekendgemaak by kennisgewing gepubliseer in die *Offisiële Koerant* en in minstens een ander nuusblad wat in die Gebied omloop.

(3) Die bepalings van artikel 16(4), (5), (6) en (7) is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot sodanige versoek deur die raad.”.

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

Substitution of section 18 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 20 of Ordinance 10 of 1974.

6. The following section is hereby substituted for section 18 of the principal Ordinance:

"Consideration of objections to application or request.

18. (1) At the first meeting of the board held after the expiry of the period of thirty days referred to in section 16(5), the chairman shall submit to the board the application or request together with all reports, comments and recommendations and sketch-maps which refer thereto and all objections lodged against it, for consideration thereof and the making of recommendations in connection therewith: Provided that failure to submit all reports, comments, recommendations or the sketch-map referred to in this subsection at the said first meeting of the board, shall not invalidate any proceedings of the board.

(2) After the board has made its recommendations, the chairman shall forward all the papers submitted to the board in terms of subsection (1), including all objections lodged against the application or request, together with -

- (a) the board's comments and recommendations and its reasons therefor;
- (b) an indication whether the board favours the appointment of a commission of enquiry in terms of section 19 or not; and
- (c) in any case, the names of four persons who are being proposed as possible members thereof if a commission of enquiry is appointed in terms of section 19.

to the Director of Roads who shall submit it to the Executive Committee together with his comments and recommendations thereon.

(3) The board may only propose a person who -

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

6. Artikel 18 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 18 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

"Oorweging van besware teen aansoek of versoek.

18. (1) By die eerste vergadering van die raad wat gehou word na verstryking van die tydperk van dertig dae bedoel in artikel 16(5), lê die voorsitter die aansoek of versoek tesame met alle verslae, kommentaar en aanbevelings en sketskaarte wat daarop betrekking het en alle besware wat daarteen ingedien is, aan die raad voor vir oorweging daarvan en die maak van aanbevelings in verband daarmee: Met dien verstande dat versuim om alle verslae, kommentaar, aanbevelings of die sketskaart bedoel in hierdie subartikel voor sodanige eerste vergadering van die raad te lê nie enige verrigtinge van die raad ongeldig maak nie.

(2) Nadat die raad sy aanbevelings gemaak het, stuur die voorsitter al die stukke wat ingevolge subartikel (1) aan die raad voorgelê is, insluitende alle besware wat teen die aansoek of versoek ingedien is, tesame met -

(a) die raad se kommentaar en aanbevelings en sy redes daarvoor;

(b) 'n aanduiding of die raad die aanstel van 'n kommissie van ondersoek ingevolge artikel 19 voorstaan al dan nie; en

(c) in elk geval, die name van vier persone wat voorgestel word as moontlike lede daarvan indien 'n kommissie van ondersoek ingevolge artikel 19 aangestel word,

aan die Direkteur van Paaie wat dit met sy kommentaar en aanbevelings daarop aan die Uitvoerende Komitee voorlê.

(3) Die raad mag slegs 'n persoon wat -

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

(a) is a member of the board of an adjoining district; and

(b) has no interest in the granting or the refusal of the application or request in question,

as a member of a commission of enquiry referred to in section 19.”

Substitution of section 19 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 20 of Ordinance 10 of 1974.

7. The following section is hereby substituted for section 19 of the principal Ordinance:

“Commission of enquiry into, and decision in regard to application or request, by Executive Committee.

19. (1) Whenever an application or request is submitted to it in terms of section 18(2) the Executive Committee may -

(a) decide which road arrangement is to be made in terms of the application or request: Provided that the Executive Committee may in its discretion impose any conditions when it so decides; or

(b) appoint a commission of enquiry into the application or request.

(2) A commission of enquiry appointed in terms of subsection (1) shall consist of three members, with a fourth person to act as substitute for any member who might be unable to attend the meetings and enquiries of the commission.

(3) The members of such a commission of enquiry may be persons proposed in terms of section 18(2) or, subject to the provisions of section 18(3)(b), any other persons appointed thereto by the Executive Committee.

(4) Such a commission of enquiry -

(a) shall investigate the application or request and, if deemed necessary by the Executive Committee, any other road or possible road

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975.

(No. 18 van 1975).

- (a) lid is van die raad van 'n aangrensende distrik; en
- (b) geen belang by die toestaan of die weiering van die betrokke aansoek of versoek het nie,

as lid van 'n kommissie van ondersoek bedoel in artikel 19, voorstel.”.

7. Artikel 19 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 19 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

“Kommissie van ondersoek na en beslissing oor aansoek of versoek deur Uitvoerende Komitee.

19. (1) Wanneer 'n aansoek of versoek, ingevolge artikel 18(2) aan hom voorgelê word, kan die Uitvoerende Komitee -

- (a) beslis watter padreëling ingevolge die aansoek of versoek, getref moet word: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, na goeddunke, enige voorwaardes kan oplê wanneer hy aldus beslis; of
- (b) 'n kommissie van ondersoek na die aansoek of versoek aanstel.

(2) 'n Kommissie van ondersoek aangestel ingevolge subartikel (1) bestaan uit drie lede, met 'n vierde persoon om as plaasvervanger op te tree vir enige lid wat nie die vergaderings en ondersoeke van die kommissie kan bywoon nie.

(3) Die lede van so 'n kommissie van ondersoek kan persone wees wat ingevolge artikel 18(2) voorgestel is of, behoudens die bepalinge van artikel 18(3)(b), enige ander persone wat die Uitvoerende Komitee daartoe benoem.

(4) So 'n kommissie van ondersoek -

- (a) moet ondersoek instel na die aansoek of versoek en, indien nodig geag deur die Uitvoerende Komitee, enige ander pad of moontlike pad

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

which the Executive Committee considers to be relevant to such application or request or which such commission may, in the course of its investigation, find to be so relevant;

(b) may visit the localities and hear the evidence which it deems necessary for the purposes of its enquiry; and

(c) shall as soon as possible after completion of its enquiry furnish the Director of Roads with a written report thereon.

(5) To those members of such a commission who are not officers in the public service or officers or employees in the service of the Administration, shall be paid such remuneration, allowances and fees as may be determined by the Executive Committee from time to time.

(6) The cost of such an enquiry shall be defrayed by the Administration out of the Territory's revenue: Provided that the Executive Committee may order that the person or persons concerned shall reimburse the Administration with such costs or such portion thereof as the Executive Committee may in its discretion determine if the application is ultimately rejected.

(7) The Director of Roads shall submit any report which has been furnished to him in terms of subsection (4)(c), together with all other documents and papers which refer to the application or request dealt with in the report, to the Executive Committee, which may thereupon decide which road arrangement shall be made in terms of the relevant application or request: Provided that the Executive Committee may in its discretion impose any conditions when it so decides."

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

wat die Uitvoerende Komitee beskou as synde relevant tot sodanige aansoek of versoek te wees of wat sodanige kommissie in die loop van sy ondersoek aldus bevind relevant te wees;

(b) kan die plekke besoek en die getuienis aanhoor wat hy nodig ag vir die doeleindes van sy ondersoek; en

(c) moet so gou doenlik na afhandeling van sy ondersoek 'n skriftelike verslag daaroor aan die Direkteur van Paaie besorg.

(5) Aan die lede van so 'n kommissie wat nie beampes in die staatsdiens of beampes of werknemers in diens van die Administrasie is nie, word die besoldiging, toelaes en gelde betaal wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd bepaal.

(6) Die koste van so 'n ondersoek word deur die Administrasie uit Gebiedsinkomste bestry: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee kan beveel dat die betrokke persoon of persone bedoelde koste of sodanige deel daarvan as wat die Uitvoerende Komitee na goeddunke bepaal, aan die Administrasie moet vergoed, as die aansoek uiteindelik afgekeur word.

(7) Die Direkteur van Paaie moet 'n verslag wat ingevolge subartikel (4)(c) aan hom besorg is, tesame met alle ander dokumente en stukke wat betrekking het op die aansoek of versoek wat in die verslag behandel word, voorlê aan die Uitvoerende Komitee, wat dan kan beslis watter padreëling ingevolge die betrokke aansoek of versoek, getref moet word: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, na goeddunke, enige voorwaardes kan oplê, wanneer hy aldus besluit.”

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

Substitution of section 20 of Ordinance 17 of 1972, as amended by sections 7 and 20 of Ordinance 10 of 1974.

8. The following section is hereby substituted for section 20 of the principal Ordinance:

"Proposals by the Director of Roads relating to proclaimed roads.

20. (1) If the Director of Roads proposes that -

- (a) a road be proclaimed on land where no road previously existed;
- (b) a road be declared a proclaimed road;
- (c) a proclaimed road be closed or deviated;
- (d) a closed road be reopened and declared a proclaimed road;
- (e) the classification of a proclaimed road be changed,

such proposal shall be made known by notice published in the *Official Gazette* and in at least one other newspaper circulating in the Territory.

(2) The Roads Branch shall forward a copy of such notice to the owner, lessee or occupier of each portion of land which is registered as a separate unit in the Deeds Office of the Territory and which is or will be crossed by the road to which the proposal refers and whose address is known to that Branch, and if such road terminates on the boundary of any farm, to the owner, lessee or occupier of the farm immediately adjacent to such road and whose address is known to the Branch.

(3) Such notice shall command every person having any objection to the proposal to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the officer or person mentioned in such notice within a period of thirty days of the date mentioned in such notice, and shall state

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

8. Artikel 20 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

Vervanging van artikel 20 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikels 7 en 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

*Voorstelle deur die Direkteur van Paaie met betrekking tot geproklameerde paaie.

20. (1) Wanneer die Direkteur van Paaie voorstel dat -

- (a) 'n pad geproklameer moet word oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie;
- (b) 'n pad tot 'n geproklameerde pad verklaar moet word;
- (c) 'n geproklameerde pad gesluit of verlê moet word;
- (d) 'n geslote pad heropen en tot geproklameerde pad verklaar moet word;
- (e) 'n geproklameerde pad se klassifikasie verander moet word.

word so 'n voorstel bekend gemaak by kennisgewing gepubliseer in die *Offisiële Koerant* en in minstens een ander nuusblad wat in die Gebied omloop.

(2) Die Afdeling Paaie stuur 'n afskrif van sodanige kennisgewing aan die eienaar, huurder of bewoner van elke stuk grond wat as 'n afsonderlike eenheid in die Aktekanthuis van die Gebied geregistreer is en waarvoor die pad waarop die voorstel betrekking het, loop of sal loop en wie se adres aan daardie Afdeling bekend is, en, indien so 'n pad op die grens van 'n plaas eindig, aan die eienaar, huurder of bewoner van die plaas, wat direk aangrensend aan so 'n pad is en wie se adres aan genoemde Afdeling bekend is.

(3) Sodanige kennisgewing moet iedereen wat enige beswaar het teen die voorstel aansê om sy besware, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf 'n datum genoem in die kennisgewing in te dien by die beampste of persoon wat in die

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

the number of a sketch-map of the area concerned on which the road, or portion thereof, to which the proposal refers and other proclaimed minor and private roads in that area, are shown.

(4) A copy of such notice and sketch-map shall lie for inspection at the office of the Director of Roads and the local Roads Superintendent during normal office hours for the full period of thirty days referred to in subsection (3).

(5) The provisions of sections 18 and 19 shall *mutatis mutandis* apply in regard to such proposal by the Director of Roads, if the road or portion thereof to which it refers, is or will be a district or farm road.

(6) (a) If the road, or portion thereof, to which such proposal by the Director of Roads refers, is or will be a trunk or main road, the Director of Roads shall, after the expiry of the period of thirty days referred to in subsection (3), submit such proposal to the Executive Committee together with all the objections received against it, his comments and recommendations thereon and the sketch-map referred to in subsection (3).

(b) The provisions of section 19 shall *mutatis mutandis* apply in regard to a proposal submitted to the Executive Committee in terms of paragraph (a)."

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

kennisgewing genoem word, en moet die nommer vermeld van 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad, of gedeelte daarvan, waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie aangetoon word.

(4) 'n Afskrif van sodanige kennisgewing en sketskaart moet vir die volle tydperk van dertig dae bedoel in subartikel (3) by die kantoor van die Direkteur van Paaie en die plaaslike Paaie-superintendent ter insae beskikbaar wees gedurende gewone kantoorure.

(5) Die bepalings van artikels 18 en 19 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot sodanige voorstel deur die Direkteur van Paaie, indien die pad of gedeelte daarvan waarop dit betrekking het, 'n distriks- of plaaspad is of sal wees.

(6) (a) Indien die pad, of gedeelte daarvan, waarop sodanige voorstel deur die Direkteur van Paaie betrekking het, 'n hoof- of grootpad is of sal wees, lê die Direkteur van Paaie sodanige voorstel na verstryking van die tydperk van dertig dae bedoel in subartikel (3) aan die Uitvoerende Komitee voor, tesame met alle besware wat daarteen ontvang is, sy kommentaar en aanbevelings daarop en die sketskaart bedoel in subartikel (3).

(b) Die bepalings van artikel 19 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n voorstel wat ingevolge paragraaf (a) aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word."

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975.

(No. 18 of 1975).

Substitution of section 21 of Ordinance 17 of 1972, as amended by sections 8 and 20 of Ordinance 10 of 1974.

9. The following section is hereby substituted for section 21 of the principal Ordinance:

"Applications relating to district and farm roads within the area of a local authority.

21. (1) Whenever the owner, lessee or occupier of a farm within the area of a local authority but outside the urban area -

- (a) desires that an existing district or farm road be closed or deviated where it crosses any such farm; or
- (b) which does not have a farm road providing access to a district, main or trunk road, desires a farm road which will provide such access, to be proclaimed,

he may apply therefor to the Director of Roads.

(2) The provisions of sections 16 (2), 20(1), (2), (3), (4) and (6) shall *mutatis mutandis* apply to an application referred to in subsection (1).

(3) If any portion of the road or portion thereof to which the application refers falls outside the area of the local authority concerned -

- (a) the provisions of section 16(2)(a) shall not apply to such application; and
- (b) the provisions of section 20(5) shall apply to such application."

Substitution of section 22 of Ordinance 17 of 1972, as amended by sections 9 and 20 of Ordinance 10 of 1974.

10. The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Ordinance:

"Proclaiming and declaration of proclaimed roads, and the closing, deviation and reopening thereof, by Executive Committee.

22. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, the Executive Committee may from time to time after investigation and report by the board concerned or the Director of Roads or both the board concerned and the Director of Roads, as the case may be -

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

9. Artikel 21 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Aansoek met betrekking tot distriks- en plaaspaie binne die gebied van 'n plaaslike bestuur.

21. (1) Indien die eenaar, huurder of bewoner van 'n plaas binne die gebied van 'n plaaslike bestuur maar buite die stedelike gebied -

(a) verlang dat 'n bestaande distriks- of plaaspad waar dit oor so 'n plaas loop, gesluit of verlê moet word; of

(b) wat nie beskik oor 'n plaaspad wat toegang tot 'n distriks-, hoof-, of grootpad verleen nie, verlang dat 'n plaaspad geproklameer moet word.

kan hy daarom by die Direkteur van Paaie aansoek doen.

(2) Die bepalings van artikels 16(2), 20(1), (2), (3), (4) en (6) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n aansoek bedoel in subartikel (1).

(3) Indien enige gedeelte van die pad of gedeelte daarvan waarop die aansoek betrekking het buite die gebied van die betrokke plaaslike bestuur val -

(a) is die bepalings van artikel 16(2)(a) nie op sodanige aansoek van toepassing nie; en

(b) is die bepalings van artikel 20(5) op sodanige aansoek van toepassing."

10. Artikel 22 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Proklamering van, en verklaring tot geproklaamde paaie en die sluiting, verlegging, en heropening daarvan, deur Uitvoerende Komitee.

22. (1) Ondanks andersluidende bepalings in enige wet, kan die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd na ondersoek en verslag deur die betrokke raad of die Direkteur van Paaie, of beide die betrokke raad en die Direkteur van Paaie, na gelang van die geval -

Vervanging van artikel 21 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikels 8 en 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

Vervanging van artikel 22 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikels 9 en 20 van Ordonnansie 10 van 1974.

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

- (a) proclaim a road on land where no road previously existed and define the course of a road thus proclaimed;
- (b) declare any road to be a proclaimed road;
- (c) close or deviate any proclaimed road;
- (d) reopen any road which has been closed, declare the same to be a proclaimed road and define the course thereof:

Provided that the Executive Committee may, if it is deemed necessary or expedient, act without any such investigation and report: Provided further that the Executive Committee shall only exercise the powers granted to it in terms of this subsection within the area of a local authority after consultation with the local authority concerned.

- (2) (a) Whenever the Executive Committee has in terms of subsection (1) -
 - (i) proclaimed a road on land where no road previously existed and defined the course of such road;
 - (ii) declared a road to be a proclaimed road;
 - (iii) closed or deviated a proclaimed road;
 - (iv) reopened a road which had been closed and has declared the same to be a proclaimed road and has defined the course of such road,

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

- (a) 'n pad proklameer oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie en die loop van 'n aldus geproklameerde pad bepaal;
- (b) 'n pad tot geproklameerde pad verklaar;
- (c) 'n geproklameerde pad sluit of verlê;
- (d) 'n pad wat gesluit is, heropen en tot geproklameerde pad verklaar en die loop daarvan bepaal:

Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee, indien hy dit nodig of dienstig ag, sonder sodanige ondersoek en verslag kan handel: Met dien verstande voorts dat die Uitvoerende Komitee die bevoegdhede ingevolge hierdie subartikel aan hom verleen slegs na beraadslaging met die betrokke plaaslike bestuur binne die gebied van sodanige plaaslike bestuur mag uitoefen.

- (2) (a) Wanneer die Uitvoerende Komitee ingevolge subartikel (1) -
 - (i) 'n pad geproklameer het oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie en die loop van sodanige pad bepaal het;
 - (ii) 'n pad tot geproklameerde pad verklaar het;
 - (iii) 'n geproklameerde pad gesluit of verlê het;
 - (iv) 'n pad wat gesluit is heropen en tot geproklameerde pad verklaar het en die loop van sodanige pad bepaal het,

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

it shall be made known by notice in the *Official Gazette*.

(b) The proclaimed road to which such notice refers shall be described therein and the number thereof shall be stated therein.

(c) Such notice shall also state the number of a sketch-map on which that road is shown and such sketch-map shall be kept by the Roads Branch and shall at all times during normal office hours lie for inspection at the office of the Director of Roads against payment of the fees determined by the Executive Committee from time to time.

(3) The provisions of sections 16(3), (4), (5), (6) and (7), 18 and 19 shall *mutatis mutandis* apply in regard to an investigation and report by the board concerned, referred to in subsection (1).

(4) The provisions of section 20 shall *mutatis mutandis* apply in regard to an investigation and report by the Director of Roads referred to in subsection (1)."

Amendment of section 34 of Ordinance 17 of 1972.

11. Section 34 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the expression "20" of the expression "19".

Amendment of section 36 of Ordinance 17 of 1972.

12. Section 36 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (c) of subsection (1) of the following paragraph:

"(c) construct any electric or other wires or cables or any pipeline on, across or under any proclaimed road."

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

word dit by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekendgemaak.

(b) Die geproklameerde pad waarop sodanige kennisgewing betrekking het, moet daarin beskryf word en die nommer daarvan moet daarin vermeld word.

(c) Sodanige kennisgewing moet ook die nommer vermeld van 'n sketskaart waarop daardie pad aangetoon word, en sodanige sketskaart moet deur die Afdeling Paaie bewaar word en moet te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Direkteur van Paaie ter insae beskikbaar wees teen betaling van die gelde wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd bepaal.

(3) Die bepalings van artikels 16(3), (4), (5), (6) en (7), 18 en 19 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n ondersoek en verslag deur die betrokke raad bedoel in subartikel (1).

(4) Die bepalings van artikel 20 is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n ondersoek en verslag deur die Direkteur van Paaie bedoel in subartikel (1)."

11. Artikel 34 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukking "20" deur die uitdrukking "19" te vervang.

Wysiging van artikel 34 van Ordonnansie 17 van 1972.

12. Artikel 36 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 17 van 1972.

"(c) elektriese of ander drade of kables of enige pyleiding op, oor of onder 'n geproklameerde pad aanlê nie."

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

Amendment of section 37 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 14 of Ordinance 10 of 1974.

13. Section 37 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subsection (1) of the following paragraph:

“(a) infringe any proclaimed road by erecting or introducing any building or structure, advertisement, fence, furrow, canal, ditches or other obstructions on, across or under such proclaimed road or by wilfully or negligently causing water to run over it;”.

Amendment of section 40 of Ordinance 17 of 1972, as amended by section 16 of Ordinance 10 of 1974.

14. Section 40 of the principal Ordinance is hereby amended -

(a) by the substitution in subsection (5) for all the words preceding paragraph (a) of the following words:

“(5) The Executive Committee may, for any reason which it deems fit, decide that a trunk, main or district road, or any portion thereof, shall be fenced off on both sides in accordance with the standards prescribed by regulation, and, when it so decides it may make a contribution to the owner, lessee or occupier of the farm crossed by the road concerned, consisting of -”;

(b) by the insertion after subsection (5) of the following subsection:

“(5A) Whenever the Executive Committee has decided in terms of subsection (5) that a trunk, main or district road, or any portion thereof, shall be fenced off in accordance with the standards prescribed by regulation, the owner, lessee or occupier of the farm crossed by the road concerned shall complete the erection of such fence or fences within six months from the date determined by the Executive Committee, or within such other period as the Executive Committee may determine: Provided that the Executive Committee may at any time extend such period on such conditions as it may determine.”;

(c) by the substitution for paragraph (c) of subsection (6) of the following paragraph:

“(c) complete the erection of such fence or fences within six months from the date on which the material has been supplied to him or within such other period as the Executive Committee may determine.”; and

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

13. Artikel 37 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

Wysiging van artikel 37 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 14 van Ordonnansie 10 van 1974.

“(a) op ’n geproklameerde pad inbreuk maak deur ’n gebou of bouwerk, advertensie, omheining, vore, kanale, slote of ander versperrings daarop, daaroor of daaronder op te rig of te bou nie, of deur opsetlik of nalatig water daaroor te laat loop nie;”.

14. Artikel 40 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 17 van 1972, soos gewysig deur artikel 16 van Ordonnansie 10 van 1974.

(a) deur in subartikel (5) al die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

“(5) Die Uitvoerende Komitee kan, om enige rede wat hy goetvind, besluit dat ’n hoof-, groot- of distrikspad, of enige gedeelte daarvan, aan weerskante afgekamp moet word volgens die standaard wat by regulasie voorgeskryf is, en wanneer hy so besluit, kan hy aan die eienaar, huurder of bewoner van die plaas waaroor die betrokke pad loop ’n bydrae maak wat bestaan uit -”;

(b) deur na subartikel (5) die volgende subartikel in te voeg:

“(5A) Wanneer die Uitvoerende Komitee in gevolge subartikel (5) besluit het dat ’n hoof-, groot- of distrikspad, of enige gedeelte daarvan, afgekamp moet word volgens die standaard wat by regulasie voorgeskryf word, moet die eienaar, huurder of bewoner van die plaas waaroor die betrokke pad loop die oprigting van sodanige heining of heinings voltooi binne ses maande vanaf die datum bepaal deur die Uitvoerende Komitee, of binne sodanige ander tydperk wat die Uitvoerende Komitee bepaal: Met dien verstande dat die Uitvoerende Komitee sodanige tydperk te eniger tyd kan verleng op die voorwaardes wat hy bepaal.”;

(c) deur paragraaf (c) van subartikel (6) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(c) die oprigting van sodanige heining of heinings voltooi binne ses maande vanaf die datum waarop die materiaal aan hom voorsien is of binne sodanige ander tydperk soos die Uitvoerende Komitee bepaal.”; en

ROADS AMENDMENT ORDINANCE, 1975

(No. 18 of 1975).

(d) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) Should the erection of such fences not be completed within the period referred to in subsection (5A) or (6)(c) or, if the period has been extended, within such extended period, the Executive Committee may complete the erection thereof or cause it to be completed and recover the cost incurred in such completion from the person who had to erect the fence or cause it to be erected.”.

Short title.

15. This Ordinance shall be called the Roads Amendment Ordinance, 1975.

WYSIGINGSORDONNANSIE OP PAAIE, 1975

(No. 18 van 1975).

- (d) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Indien die oprigting van sodanige heinings nie binne die tydperk bedoel in subartikel (5A) of (6)(c) of, indien die tydperk verleng is, binne sodanige verlengde tydperk, voltooi word nie, kan die Uitvoerende Komitee die oprigting daarvan voltooi of laat voltooi en die koste wat hy by sodanige voltooiing aangegaan het, verhaal op die persoon wat die heining moes opgerig of laat oprig het.”.

15. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordon- Kort titel
nansie op Paaie, 1975.